JAARVERSLAG - 2018

VOORWOORD VAN DIE SKOOLHOOF

Wat ‘n groot voorreg om in die 115de jaar van Laerskool Gamtoosvallei se bestaan hierdie verslag aan die beheerliggaam en ouers voor te hou.

Die skool het sover as moontlik gepoog om u op hoogte te hou van die afgelope skooljaar se aktiwiteite, projekte en uitslae, deur middel van die D6-app, Webtuiste en Facebook-blad.

As plattelandse skool staan ons sterk en trots in die Oos-Kaap en vertoon ons ‘n beeld van respek, vriendelikheid, lojaliteit en eerlikheid. Ons takel groot uitdagings en oorskry soms die grense wat groter skole na hul asems laat snak.

Ons personeel werk met ywer en toewyding en handhaaf hoë standaarde. Ons besef terdeë die belangrike rol wat ons moet vertolk in kinders se lewens om positiewe rolmodelle vir hulle te wees.

Hartlike dank aan die uitgetrede Beheerliggaam, onder die bekwame voorsitterskap van Edward Colling, wat die afgelope 3 jaar hul taak met passie uitgevoer het. Welkom en geluk aan die nuutverkose beheerliggaam, met Grewar Oosthuizen as verkose voorsitter. Ons wens u voorspoed toe met die groot taak.

Ons kan ook nie nalaat om die OOV, onder voorsitterskap van Estelle Kleinhans, geluk te wens met die puik inkomste wat hulle gegenereer het nie, asook die wonderlike samewerking wat onder die groep bekwame dames in 2018 geheers het nie.

Die suksesse van 2018 kan toegeskryf word aan baie harde werk deur al die lojale ouers, leerkragte en leerders wat die ekstra myl gestap het.
Ons het voortgebou op dit wat ons voorgangers vir ons geskep het en leef ons leuse:
“Ons klim steeds”.

Dit is met hartseer dat ons hierdie jaar van Juffrou Colati Rens moes afskeid neem. Ons beste wense vergesel haar met haar aftrede.
Dankie aan al die leerlinge vir jul mooi samewerking, harde werk en die trotse wyse waarop julle Laerskool Gamtoosvallei verteenwoordig het. Julle is puik ambassadeurs van ons skool. Hou so vol!

Hiermee dan kortliks ‘n verslag van die afgelope jaar se bedrywighede.

Christelle McCabe
SKOOLHOOF

1. LEERDERGETALLE: Graad R – 7

2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018
162	153	162	157	162	150	158	183	191	212	208

2. PERSONEEL

Tans is die volgende onderwysers en administratiewe beamptes verbonde aan ons skool:

Mev. C. McCabe	:	Skoolhoof	
Mnr. C. Viljoen	:	Departementshoof : Fasehoof - Senior Fase	
Mnr. H.J.S. Krüger	:	Graad 7	
Mnr. G. Grundling	:	Graad 6	
Mnr. S. Barnard	:	Graad 5	
Mev. Y. Wethmar	:	Graad 4	
Mev. L. Rautenbach	:	Graad 4	
Mev. A. Eekhout	:	Graad 3	
Mej. J. Viljoen	:	Graad 2	
Mev. E. Muller	:	Graad 1	Fasehoof – Grondslagfase
Mev. S. Visser	:	Gr. R	Fasehoof – Dink en Doen
Mev. E. v. Jaarsveld	:	Gr. RR	
Mev. E. v. Jaarsveld	:	Graad 0	
Mev. C. Pettit	:	Peuters	
Mnr. S. Barnard	:	Rekenaaronderrig	
Mnr. R. Nelson	:	Leesafrigter	
Mev. S. Grundling	:	Sekretaresse	
Mev. M. Marais	:	Finansiële beampte	
Mej. H. Jonas	:	Dink en Doen-assistent	
Mej. N. Speelman	:	Peuter-assistent	
Mev. C. Rens	:	Geboue en terreine	
Mev. L. van Rooyen	:	Algemene werker	
Mnr. E. Bozho	:	Algemene werker	
Mnr. D. Fredericks	:	Algemene werker	

3. BEHEERLIGGAAM

Die afgelope jaar is n nuwe span ouers tot die skool se beheerliggaam verkies.
Vir ons as ouer lede was dit ‘n uitdaging om so vining as moontlik op hoogte te kom van die werking van die Beheerliggaam, asook die huidige stand van ons skool se finansies, personeel en leerlinge.
Hier moet ons vir Rienette Colesky bedank wat nog gewillig is om as lid van die finansiële komitee aan te bly. Dit het die nodige kontinuïteit verseker.
Die beheerliggaam se belangrikste doelwit is om te verseker dat ons kinders kwaliteit onderrig (en opvoeding) ontvang.
Om bogenoemde te kan regkry moet daar ‘n paar onderliggende pilare in plek wees:

- Bekwame en gemotiveerde onderwysers.
- Goed ontwikkelde, veilige en toespaslike skool infrastruktuur.

Om die 2 pilare in plek te kry en te behou het ‘n skool egter finansies nodig. Die bestuur hiervan bly ‘n uitdaging.
Ons skool se finansies is egter gesond en daarvoor moet ons die vorige beheerliggaam bedank vir die goeie bestuurspraktyk wat gevestig is.
Verder moet elke ouer wat sy skoolfondsverpligtinge nakom, asook ouers wat skouer aan die wiel sit by ons sportdae en ander fondsinsamelings geleenthede, met opregte dankbaarheid erken word.
Ons is ook bevoorreg om van tyd tot tyd ouers te kry wat uit hul eie skenkings in verskillende vorms aan die skool maak.
Die lede van ons OOV moet ook bedank word vir die belangrike rol wat hulle speel met ons fondsinsamelings en ander aktiwiteitte. In baie gevalle werk die OOV-lede lang ure om skofte vol te maak.
Dit is algemeen bekend dat onderwysers reg oor ons land al hoe meer probleme ondervind met die algemene gedrag en dissipline van kinders. Dit is sekerlik meer van ‘n probleem in hoërskole, maar probleme kom ook in laerskole voor.
Hiermee doen die Beheerliggaam ‘n beroep op ons ouers, oor die algemeen, om ons kinders voortdurend in liefde te voed en te leer van grense, dissipline en respek vir ander.
Ons kinders is die toekoms van ons land en moet sodanig bemagtig word vir die uitdagings van ons samelewing.
Laerskool Gamtoosvallei se kinders het weereens die afgelope jaar op vele terreine presteer. Dit sluit akademie, sport en kultuur in. Dit is ook altyd opmerklik en ‘n trotse oomblik wanneer kinders van ons skool ook in die groot hoërskole in leiersposisies verkies word.
Die prestasies word moontlik gemaak deur ons kinders se toewyding, asook die harde werk, ondersteuning en liefde van ons onderwysers en ouers.
Ons skool se terrein en geboue word voortdurend opgeknap en vertoon baie goed.
Hiermee opregte dank aan ons skoolhoof en haar span vir die harde werk die afgelope jaar.
Baie sterkte en voorspoed aan ons kinders, onderwysers en ouers vir die laaste kwartaal.

Grewar Oosthuizen

4. OOV

Die skitterende span vir 2018 is:
Graad 1: Driekie Steyn en Lucinda Phelan: Snoepie
Graad 2 en 3: Annelie Young en Estee van Jaarsveld: Pannekoek
Graad 4 en 5: Marizanne Slabbert: Jaffels
Graad 6 en 7: Kim Bell, Ilze Oosthuizen, Charmaine Kritzinger en Estelle Kleinhans: Burgers, worsrolle, aartappelkrulle.

Juffrou Yolande was ons skakel met die personeel en het ons werk in baie gevalle baie makliker gemaak.

Ons sê weereens dankie vir die handjievol ouers wat saam met die OOV mammas besef hoe nodig dit is om vir hul kinders se skool en die spesifieke fondse wat die skool nodig het saam te werk, hulle deel te doen en verantwoordelikhede na te kom. Ek wil ook net hier vir ons "OOV-mans" dankie sê vir alles wat julle gedoen het deur die jaar om ons te help sodat ons kon doen wat ons gedoen moes kry. Dit sou onmoontlik sonder julle hulp gewees het. Julle is ysters! Ons kon weereens ons begroting van R100 000 insamel en is baie dankbaar vir elkeen se aandeel. Ons verantwoordelikheid teenoor die skool se begroting is dus nagekom. Met die ekstra geld wat ingesamel is, is die volgende projekte aangepak en afgehandel.

*Kon 'n nuwe afdak oprig vir die nuwe skoolbus.
*Leerders het almal verlede jaar die geleentheid gekry om deur professionele atletiekafrigters van NMMU afrigting in hulle tegniek te ontvang, met 'n kursus wat ons gereël en befonds het. Ons het met trots gesien hoe dit vrugte afgewerp het met ons kinders se uitstekende uitslae by die onderskeie geleenthede in 2018.
*Gaan nog 'n afrigtingsgeleentheid skep in die vierde kwartaal vir die atlete wat belangstel om hul tegniek op te skerp in onderskeie items.
*Die kiosk het 'n nuwe gesig gekry met 'n afdak, wat beteken dat dit koeler is in die gebou. Ouers wat daar werk sal dan sonder enige hindernis die rugby kan dophou.
*'n Ouerbraai is gereël aan die einde van die eerste kwartaal om sodoende geleentheid te skep vir ouers om bietjie op 'n informele vlak ook te kuier en mekaar se geselskap te geniet.
*Braaidromme laat maak en die skool het nou genoeg braaiplek as ons lekker wil kuier.
Alhoewel ons fondse reeds ingesamel is volgens die begroting se vereiste, is ons nog lank nie klaar met 2018. Ons het nog 'n plan of twee om uit te voer voor die jaar verby is.

Dit was n voorreg om deel te wees van n span dames wat n verskil wil en kan maak in hulle omgewing . Ons wens die OOV van 2019 sterkte toe met julle fondsinsamelings en projekte en weet dat julle met die samewerking van ons ouers net die beste vir ons kinders en skool gaan doen.

Estelle Kleinhans

5. GEBOUE EN TERREINE

Nog 'n skooljaar is byna verby. Ons kan met dankbaarheid sê dat ons dit gemaak het, ten spyte van droogte en waterbeperkings.

Weereens kan ons asem skep, want ons het heerlike reën ontvang.

Die ingang van die sportgronde lyk pragtig met die muur wat daar gebou is, te danke aan die graad 7's van 2017, wat ook 'n gedeelte van die krieketnette befonds het.

Plaveisel:
Is voorsien deur Edward Colling om die ingang van die sportgronde en agter paviljoen netjies te laat lyk vir sportbyeenkomste.

Watertenke:

- Geskenk deur Kaap Agri - 1 x 5000lt
- Kouga Munisipaliteit - 3 x 5000lt

Saal:
Daar is fondse bewillig om die vloertjies vir die tenke te laat oprig,
Asbes geute met aluminium galvaniseerde yster te vervang, asook die verf van die skoolsaal se voorportaal.

Aluminium blindings voor hoofgebou (kantoor en personeelkamer):
Die beheerliggaam het ingestem om dit te verwyder. Die vooraansig van die skool sal beter vertoon.

Allister Abrahams

6. FINANSIëLE VERSLAG

Ons opregte dank en waardering aan

- die O.O.V. en hulle fondsinsamelingsprojekte
- ouers wat gereeld hulle verpligtinge nakom
- borge en donateurs
- goeie beplanning, sinvolle besteding en beheer deur die personeel en beheerliggaam
- goeie administrasie deur die kantoorpersoneel.

Dit bly ‘n uitdaging om die finansies te bestuur van ‘n plattelandse skool soos Laerskool Gamtoosvallei. Uitdagings wat gepaard gaan met hierdie skole is leerlinggetalle, departementele ondersteuning en die kapasiteit om genoegsame fondse te genereer om likied te bly.

Daar word jaarliks ‘n begroting opgestel wat omsien na die operasionele behoeftes van die skool. Die skool se grootste inkomstebron is die skoolfonds. Om hierdie rede word daar ‘n baie streng debiteurebeleid gehandhaaf. Agterstallige skulde word elke drie maande oorhandig. Uitgawes word streng beperk tot dit wat begroot is. Dit verseker dat die skool op koers bly en die doelwitte wat gestel word, verwesenlik.

Gedurende die afgelope jare het die skool ‘n besondere mylpaal bereik deur die reserwes jaar na jaar positief te laat groei. Daar is tydens ‘n begrotingsvergadering met ons ouers onderneem om 50% van die oorwaarde van ‘n betrokke jaar te bespaar en sodoende die ander helfte beskikbaar te stel vir kapitaalinvestering. Die beginsel van besparing plaas ons skool in ‘n posisie waar daar altyd ‘n neseiertjie sal wees vir onvoorsiene omstandighede.

Die beheerliggaam is verantwoordelik vir verskeie leerkragte se salaris. Dit opsigself beïnvloed die vermoë van die skool om meer vir ons kinders te doen. Die salarisse van die personeel wat nie deur die Departement van Onderwys betaal word nie, instandhouding van toerusting, geboue en terrein, asook die lopende bedryfskoste moet deur die skool self betaal word. Om die voortbestaan van gehalte onderwys van Laerskool Gamtoosvallei te verseker, is dit nodig om pro-aktief te wees met finansiële beplanning rondom operasionele kwessies. Daarom is dit nodig om in die langtermyn alternatiewe inkomste-bronne te identifiseer om ‘n versekerde vangnet te skep, sodat die skool met selfversekerdheid meer kan bied vir ons kinders.

Dit is belangrik dat al die ouers die Begrotingsvergadering bywoon, sodat hulle kan sien waar fondse vandaan kom en hoe dit aangewend word om die skool finansieel suksesvol te bedryf. Sodoende kan belangrike verbeteringe aan die skool gedoen word.

Rienette Colesky

7. ADMINISTRASIE

Die volgende persone is verantwoordelik vir die administrasie van die skool:
Mev. S. Grundling - Sekretaresse
Mev. M. Marais - Finansiële Beampte
Ons dank en waardering aan Mev. Rienette Colesky, tesouriere van die Beheerliggaam vir haar insette, ondersteuning en kontrolering van die boekhouding.

8. LEERLINGRAAD

Laerskool Gamtoosvallei het hierdie jaar ‘n besonderse leerlingraad gehad wat hard gewerk het om die skoolterrein te beveilig, asook om dissipline tydens pouses te handhaaf. Hulle het saam met die ATKV ‘n gemeenskapsprojek begin waarmee hulle skryfbehoeftes ingesamel het vir die omliggende skole. Daar is reeds aan Patensie Primêr skryfbehoeftes oorhandig en ons beplan om aan die einde van die jaar nog ‘n skool te nader. Hulle het ook gesorg vir ‘n wonderlike ontvangs vir ons nuwe graad 1-leerders met hul narkostuums. Selfs by ons sportdae het hulle die skool se naam hoog gehou. Laerskool Gamtoosvallei wil vir die leerlingraad baie dankie sê vir hul harde werk tydens hierdie jaar. Julle het diep voetspore hier by Laerskool Gamtoosvallei getrap!

Jané Viljoen

9. FASEVERSLAE:

9.1 DINK EN DOEN

DINK EN DOEN

Hierdie jaar was vol uitdagings, verrassings en hope sukses. Ons het vir juffrou Lizanne Rautenbach afgestaan waar sy tans by Graad 4 inskakel en juffrou Estee van Jaarsveld is aangestel. Die leerders het gou lief geraak vir haar en sy het met gemak ingeskakel by ons fase. Juffrou Corné Pettit was ook vir n geruime tyd afwesig weens haar gesondheid en ons is dankbaar dat sy weer terug is en haar pos vul. Die leerders het hulle “ouma” baie gemis. Kanja Ludwig het in hierdie tyd in haar plek waargeneem. Ons fase het ook ‘n baba ryker geword en die Graad R klas is tydens die vierde kwartaal deur Judy Schellingerhout onderrig. Daar is tans 66 leerders by Dink en Doen, waarvan 28 skoolpligtig is vir 2019.

Dink en Doen bestaan uit 3 klasse en het 3 assistente:

- Graad R Juffrou Sunelle Visser
- Graad RR & 0 Juffrou Estee van Jaarsveld
- Peuters Juffrou Corné Pettit
- Assistente Jana Vermaak, Haneley Jonas en Nomsa Speelman

Die fase kan met trots elke jaar afsluit met alles wat ons as ‘n span bereik. Daar was heelwat verwikkelinge en bedrywighede: Kleuterzone besoek ons skool en ons verskyn op televisie; Oupa- en Oumadag; Markdag; Kunsfees; Uitstappies; Entrepreneursdag; Konsert en ons eerste Oggend-Gradeplegtigheid. Die volgende opknappingswerk het ook plaasgevind: terrein, badkamers, pophuis wat ‘n nuwe baadjie aantrek, asook ‘n pragtige nuwe naambord en nog vele meer.

Dankie dat ons Hemelse Vader elke dag ons kinders met Sy groot genade oppas en ons fase oorvloedig seën. Dankie aan ons komitee wat elke jaar net al hoe meer doen en dinge laat gebeur. Dankie aan elke ouer wat ons daagliks vertrou om met hul kosbaarste besittings te werk en dat ons sonder twyfel op julle kan staatmaak om te help met jaarlikse aktiwiteite.

Mag ons altyd die kinders se behoeftes eerste stel en hulle speel-speel laat leer. En mag ons mekaar se lewens altyd verryk. Dink en Doen is ‘n fase waarop ons kan trots wees!

Sunelle Visser

9.2 GRONDSLAGFASE : GRAAD 1 – 3

‘n Jaar vol bedrywighede: akademies, kultureel en sport. Deur middel van kontrolering van die leerders se boeke, besoeke van personeel en hoof, poog ons om ‘n hoë standaard te handhaaf.

Baie geluk aan juffrou Alison met haar pragtige dogtertjie. Ons hoop sy sal vir jou en Matthew baie vreugde verskaf. Baie dankie aan Mev. Ilse Oosthuizen wat haar plek volstaan in die tyd dat juffrou Alison af is.

Deur verskeie uitstappies probeer ons die leerproses bietjie ligter en leersaam maak.
Ons was op Jeffreysbaai, Mooihoek (aarbeie), Sonop Pakhuis (sitruspakhuis), Waggondrift (groente en vrugte), DC Schellingerhout (aartappels), Polisiestasie, African Dawn (diere) en Rikus Landboudienste (kwekery).

Vir die eerste keer was daar ‘n paar leerders by die VCSV-kamp op Jeffreysbaai. Hulle het dit baie geniet.
By die Despatch Kunsfees het ons leerders weer pragtig presteer in solosang, duet, voordrag, gedramatiseerde poësie en spreekkoor. Keàn Ludwig het Hoogste lof ontvang vir Solosang.

Baie geluk aan Yula Ferreira en Jedd Schellingerhout wat onder die top 10 wenners in die Kouga Express kompetisie was.

Baie geluk aan Yula Ferreira (Graad 3) wat die Kouga Express se “Best Parent” kompetisie gewen het!

Ekstra aktiwiteite soos EQ-Kids, Future Kings, Krieket, Ballet, Lees, Ritmiese Gimnastiek en Ballet word aan die leerders gebied.

Baie ekstra aandag word aan remediëring gegee. Mev. Yolande Wethmar bied ekstra klasse gedurende skooltyd aan. Aangesien ons klasse so groot is, is dit van groot hulp.

Baie dankie aan ons OOV mammas wat so hard werk en ouers wat ekstra help by funksies. Ons opregte dank aan ouers wat getrou huiswerk doen en moeite doen as hulle self nie by die huis is nie. Entrepreneursdae is vir ons baie spesiaal, want daardie geld kan ons aanwend in die klasse.

Windplaasprojek
Meneer Robin Nelson bied ekstra lees- en klanklesse aan om sodoende lees te verbeter.

Graad1 se uitslag van die inkleurkompetisie was as volg:
1. Lieschen Steffens
2. Kayleeh Steenkamp
3. Shane Kase

Graad 2 se uitslag van die eksperiment was:
1. Ettiëne Meyer
2. Jano de Bruin
3. Keàn Ludwig

Graad 3 se uitslag van die projek:
1. Bieu Mostert
2. Markus Ferreira
3. Stephan Ferreira

Elize Muller, Jané Viljoen en Alison Eekhout

9.3 INTERMEDIêRE EN SENIOR FASE : GRAAD 4 – 7

Die jaar het ons fase met ‘n jong en dinamiese groep personeel begin en geëindig .
Mev. L Rautenbach en mnr. Shaun Barnard het formeel by ons fase ingeskakel en ek kan met trots sê hulle het groot skoene dadelik volgestaan.
Die vorige jare se werk het vrugte afgewerp en het die personeel die geleentheid gebied om ons leerders na hoër hoogtes te neem. Besprekings en besoeke is gereël met verskeie Hoërskole om die oorgang van Graad 7 na Graad 8 te vergemaklik. Motiveringsprogramme is ook ingestel. Die leerders het ook baie ekstra aandag gekry met die instelling van ‘n biblioteek-periode vir ekstra lees en naslaanwerk. Daar was ook opvoedkundige uitstappies gereël vir elke graad en sommige leerders het gaan toer. Leerders het aan verskeie kompetisies deelgeneem waar hulle teen leerders van ander skole kon meeding. Met trots kan ons sê dat die leerders met vele welslae teruggekeer het. Dit alles is gedoen om leerders ‘n meer holistiese opvoeding te gee.
Met personeel wat so toegewyd is en onderwys uit ‘n ander hoek benader, kan ons skool net hoër klim. Dankie aan al die ouers se ondersteuning die jaar.

Christie Viljoen

10. LEESAFRIGTERS

Ons is nou al meer as 4 jaar deel van die ITEC Reading Coach Programme met die doel om geletterdheidsvlakke van Graad 1 tot 3 leerders te verbeter deur geskeduleerde leesperiodes in beide Afrikaans en Engels te verskaf.
Die leesafrigter het ook hierdie jaar die EGRA (The Early Grade Reading Assessment) leesinstrumente gebruik om basiese geletterdheid te verbeter. Ons bedank Robin Nelson vir sy groot bydrae, insette en toewyding.

Gerhard Grundling

11. REKENAAROPLEIDING

Die Gr. R tot 7 leerders het een IT-periode per week. Tydens hierdie periodes word basiese vaardighede in Microsoft Word, Excel, PowerPoint, Paint en die Internet aan leeders bekendgestel. Leerders voltooi verskeie aktiwiteite en projekte in die bogenoemde programme.

Leerders “stoor” die werk wat hulle op die rekenaar doen onder hul naam op die bediener en kan ook gedurende pouses hieraan werk. Die Gr. 4 en 5-leerders werk slegs met Microsoft Word en Paint, Gr. 6-leerders werk met MS Power Point, Internet en die Gr. 7-leerders werk met Excel, asook Internet.

Ons het hierdie jaar die rekenaarsentrum gedurende pouses beskikbaar gestel vir leerders wat wil gebruik maak van Internet hulpbronne om hul skooltake te voltooi. Ons het 4 Rekenaarleiers: JT Moos, Dimitri Prins, Janelle Joy en Febé Booysen wat toesig gehou en hulp verleen het aan die leerders.

Shaun Barnard

12. BIBLIOTEEK

Die biblioteek het ‘n splinternuwe voorkoms, alles danksy ‘n skenking vanaf FNB Patensie. Ons beoog om die biblioteek ‘n skeppende, leesgierige ruimte te maak vir al ons leerders.
Jaco Jacobs, bekende skrywer, het ons skool kom besoek en LAPA uitstallers het weer ‘n suksesvolle boekverkoping by ons aangebied.
Leerders vanaf graad 4 tot 7 het biblioteekperiodes waartydens hul boeke kan uitneem. Die biblioteek is pouses oop sodat leerders, onder die wakende en behulpsame oë van die biblioteekprefekte, ook boeke kan uitneem.
Die graad R-klas kry ook weekliks ‘n beurt vir storietyd in die biblioteek.
Mev. Magriet Kriel van die Departement het ons biblioteek kom besoek met skenkings van boeke en ander biblioteekhulpbronne. Waardevolle opleiding is ook ontvang, sodat ons die biblioteek goed kan laat funksioneer.

Yolande Wethmar

13. MONSTERPRATER

Die Monsterprater is 'n elektroniese boekie wat ons skool laat gons. Dit word maandeliks aanlyn gepubliseer om die gemeenskap in te lig oor die hele maand se nuus, belangrike datums en gebeure vir die volgende maand. Hierdie boekie word saamgestel deur mev. Alison Eekhout en mnr. Gerhard Grundling. Lesers kan die boekie digitaal aflaai en geniet op Facebook en die skool se webtuiste en geniet.

Gerhard Grundling

14. REKLAME

Laerskool Gamtoosvallei verskyn byna weekliks in die koerante. As ons terug kyk na die jaar kan ons werklik trots wees op alles wat die leerders en die skool bereik. Elke geleentheid wat Laerskool Gamtoosvallei aanpak word op Facebook, die webtuiste en in die koerante gepubliseer. Die reklame word deur mev. Alison Eekhout en mnr. Gerhard Grundling, wat in kontak is met verskeie koerante, gedoen. Die Facebook blad word ook deur hulle hanteer. Die webtuiste word weekliks deur mnr. Gerhard Grundling opdateer.

Gerhard Grundling

15. SPORT : Binne-skoolverband

15.1 RUGBY

Gamtoosvallei het werklik vanjaar 'n baie goeie jaar op die rugbyveld beleef. Ons rugby gaan van krag tot krag en die spelers slaag daarin om uiters ondernemende en aanskoulike rugby te speel. Die insette van die Future Kings wat ons hierdie jaar weer elke Woensdag besoek het, het bygedra tot ‘n merkwaardige opheffing in die vaardigheidsvlak van ons bulletjies spelers.

Stephan Kruger

Bulletjies : o/7

Die o/7 seuns van 2018 het ‘n goeie jaar agter die rug. Ons moes die jaar die o/6’e betrek, aangesien die o/7 hierdie jaar dun gesaai was. Later die jaar het ons ‘n paar sterk nuwe leerders bygekry. Die groep seuns het mooi saam gespeel en gaan ons skool nog na groot hoogtes lei. Dankie vir elke ouer se ondersteuning en hulp met vervoer.

Christie Viljoen

Rugby : o/9

Hierdie seuns het vanjaar, danksy hul entoesiasme en gereelde afrigting, elke spel tot die beste van hul vermoë gespeel en het meer as 85% van hul wedstryde gewen. Hierdie spelers het saamgesnoer tot ‘n hegte eenheid wat ‘n baie aanskoulike spel gespeel het. Dit was ‘n aangename ervaring om hierdie span af te rig en ons kan trots wees of hierdie groep seuns se toewyding.

Gerhard Grundling

Rugby : o/11

Die span bou voort op hulle goeie spel van die vorige jare. Teen die einde van die seisoen was daar ‘n verbetering en wen ons 3 van ons laaste 6 wedstryde. Ons het goed presteer in die 7’s kode en wen 50% van al ons wedstryde. Ons het ook deurgedring na die uitspeelrondtes van ons Wintersportdag.

Stephan Kruger

Rugby : o/13

Ons o/13-span bou voort op hulle goeie spel van die vorige jare. Hoewel ons die seisoen ietwat wisselvallig begin het, was daar groot verbetering aan die einde van die seisoen en wen ons 16 van die 24 wedstryde wat ons gespeel het. Verder het ons goed presteer in die 7’s-kode en wen 65% van al ons wedstryde. Ons het ook weggestap met die goue medalje by die Wintersportdag.

Shaun Barnard

15.2 NETBAL

Netbal : o/7

Die o/7 netbalspan het baie goed gedoen die jaar. Ek is ongelooflik trots op elkeen van die dogters. Hulle getroue oefening en samewerking het bygedra tot die suksesvolle netbalseisoen. Dit was vir my lekker om te sien hoe elke speelster gevorder het vanaf die eerste wedstryd tot die laaste wedstryd. Julle almal is ystertjies in my oë.

Jana Vermaak

Netbal : o/8

Die dogters het ‘n goeie netbalseisoen agter die rug. Die 10 dogters het hulle harte uitgespeel en elke oomblik daarvan geniet. Tydens die verskeie sportdae wat hulle bygewoon het, het hulle ook meeste van hulle wedstryde gewen. Hierdie dogters het groot potensiaal en goeie sportmangees. Die span kan nog groot hoogtes bereik! Juffrou is trots op julle!

Sunelle Visser

Netbal : o/9

Die o/9-span het ‘n goeie seisoen gehad en ongelooflike netbal gespeel. Hulle het aan verskeie sportdae deelgeneem en met elke wedstryd net hul beste spel gelewer. Die span se entoesiasme en goeie dissipline maak van hulle wenners! Hou so vol!

Yolande Wethmar

Netbal : o/10

Die o/10-span het ongelooflike netbal gespeel en ons skool se naam met trots gedra. Die groep meisies se spel en balvaardighede ontwikkel goed en hul werk baie goed as ‘n span saam. Die span het aan verskeie sportdae deelgeneem en uitgeblink op die netbalbaan! Voorwaar ‘n span om dop te hou. Julle is tops!

Yolande Wethmar

Netbal : o/11

Die o/11-netbalspan van 2018 het ‘n uitstekende seisoen gehad. Die meisies het met elke wedstryd hul bes gegee en was ook ware ambassadeurs van Laerskool Gamtoosvallei. Die meisies het baie gegroei in netbal ten opsigte van spelpatrone en vaardighede. Baie dankie ook aan Leandra Kok vir die tyd en moeite wat sy afgestaan het om te help met die afrigting. Ek is trots op elkeen van die meisies wat ware sportmangees getoon het. Trots op julle!

Lizanne Rautenbach

Netbal : o/12

Dit was ‘n netbalseisoen propvol uitdagings en oorwinnings en dit was vir my ‘n groot voorreg om dit met die o/12 netbalspan te ervaar. Die span het hierdie jaar ongelooflik gegroei en spangees ontwikkel. Hulle het vir geen uitdaging terug gestaan nie. Ons het aan sportdae van Paul Sauer, Jeffreysbaai en Stulting en nog vele meer deelgeneem. Jemay Didloft is gekies vir die Oos-Kaap span en het in Pretoria aan die SA Netbaltoernooi gaan deelneem.
Dit was beslis ‘n voorreg om saam met hierdie leerders ‘n pad te kon stap.

Alison Eekhout

Netbal : o/13
Dit was ‘n ongelooflike netbalseisoen met ‘n wonderlike groep spelers wat deur dik en dun saamgestaan het. Ons het teen verskeie skole op sportdae gespeel en die span het met elke wedstryd hul beste gegee. Die span het hierdie jaar uitstekend gevaar by die Sunridge 7’s toernooi en het 4de geëindig. Kiana Ferreira was gekies vir die senterspeler van die dag. Charlo was ook verseker nog ‘n hoogtepunt waar ons teen Port Elizabeth se beste spanne kon meeding en ons het baie goed gevaar. By die sportdae van Paul Sauer, Stulting, Sunridge en Jeffreysbaai het die span uitgeblink. Ons het ook informele westryde teen Hankey en Chigwell gespeel.
Dit was ‘n voorreg om hierdie jaar met die o/13 span te kon werk. Hulle spangees en liefde vir netbal was aansteeklik en het ons skool se naam hoog gehou. Laerskool Gamtoosvallei is baie trots op julle.

Jané Viljoen

15.3 ATLETIEK

ATLETIEK
Wat ‘n skitterende jaar het Gamtoosvallei nie beleef nie. By die Kouga atletiekbyeenkoms het ons reeds besef die atlete, wat so gereeld middae kom oefen het, is in vir groot dinge.

Die volgende atlete het aan die **Sarah Baartman byeenkoms te Port Elizabeth** deelgeneem:

Alet Bezuidenhout	Dogters	o/10	Hoogspring en Verspring
Zea Solaan	Dogters	o/10	Gewigstoot
Chumi Go	Dogters	o/12	150m
Aubraylene August	Dogters	o/12	Hoogspring
Engela Dempsey	Dogters	o/12	Diskus
Xavier Bentley	Seuns	o/12	Diskus
Kiana Ferreira	Dogters	o/13	800m
Brevana v.d. Merwe	Dogters	o/13	75m Hekkies en 200m Hekkies
Revonne Didloft	Seuns	o/13	100m
Caleb Felix	Seuns	o/13	200m

Pragtige uitslae is behaal en almal het omtrent medaljes ontvang.

Oos-Kaap – Atletiekbyeenkoms – Cradock

Alet Bezuidenhout	Dogters	o/10	Verspring Hoogspring (Silwer)
Zea Solaan	Dogters	o/10	Gewigstoot
Aubraylene August	Dogters	o/12	Hoogspring
Brevana vd Merwe	Dogters	o/13	75m Hekkies 200m Hekkies
Kiana Ferreira	Dogters	o/13	800m

Veels geluk aan hierdie atlete en hul ouers.

Stephan Kruger

15.4 KRIEKET

Krieket het tydens die 2017-2018 seisoen van krag na krag gegaan. Ons is baie dankbaar vir die pragtige nuwe krieketnet met “astroturf” wat ons hierdie jaar ontvang het, hierdie verbetering het ons oefensessies soveel meer aangenaam gemaak. Die skool se boulmasjien is in werking geneem, aangesien krag by die nette aangelê is.
Ons is bevoorreg om Mnr. Drake as buite-afrigter by ons skool te hê.
Ons is ook baie trots op Caleb Felix wat vir die 2017-2018 seisoen opgeneem is in die OP- o/13 Krieketspan, asook in die OP-o/7’s Rugbyspan.
Ons 2018-2019 seisoen het die week van 15 Oktober afgeskop en ons is baie positief oor hierdie seisoen.

Stephan Kruger

15.5 MINI-KRIEKET

Dié jaar het ons aan die Kouga-Liga deelgeneem en verskeie wedstryde gespeel. Ons het die jaar ‘n groepie dogters wat saam met ons begin oefen het en ek is seker daar lê ‘n blink toekoms vir hulle voor. Die spelers het baie goed gespeel en dis ‘n plesier om die talent te sien.

Christie Viljoen

15.6 TENNIS

Die tennisseisoen het afgeskop op die 17de April. Ons seunsspan was ingeskryf in die Uitenhage en Despatch tennisliga. Ons het teen skole soos Susannah Fourie, Muir College, Albertyn, Sonop, Handhaaf, Innes en Frans Conradie gespeel. Die span vorder goed en verbeter met elke wedstryd.
Oefeninge vir spanspelers is elke Dinsdag van 14:00 – 15:00 by Juffrou Yolande.
Beginners oefen elke Dinsdag van 15:00 tot 16:00 by Mnre. Stephan, Gerhard en Shaun.
Graad 1 en 2 tennis word aangebied deur Juffrouens Elize Muller en Jané Viljoen op Woensdae 14:00 tot 15:00.
Ons hoop om nog nuwe spelers by die volgende oefeninge te verwelkom.

Yolande Wethmar

16. SPORT : Buite-skoolverband

16.1 JUDO

Die Judokas het die jaar hul beste jaar ooit gehad. Ek noem elke jaar van die jonspan wat bygekom het, wel hulle het groot geword en hulle ding gedoen.

Die afgelope jaar het ons weer aan die OP-proewe deelgeneem. Die volgende leerders het gekwalifiseer om aan die SA-Kampioenskappe deel te neem: Dries Dempsey, Louis Nel, Markus Ferreira, JG de Lange, Xavier Bentley, Pietman Kleinhans en Hannes Kleinhans.

Die Judokas het soos volg presteer:
Individueel – Silwer medaljes : Markus Ferreira, JG de Lange, Pietman Kleinhans
Spangevegte – Silwer medaljes : Markus Ferreira, JG de Lange, Dries Dempsey, Louis Nel
Brons medaljes : Pietman Kleinhans en Hannes Kleinhans

Die Judokas het in totaal 9 medaljes by die SA-Kampioenskappe gewen. Wys my nog ‘n skool wat so baie medaljes by ‘n Nasionale Kampioenskappe geleentheid wen. Ons is baie trots op die leerders en hul prestasies!

Judo-afrigting bly vir my ‘n plesier. Dit is vir my lekker om met die kinders te werk en om te sien hoe hulle groot raak en ontwikkel.

Marthinus Colesky

16.2 RITMIESE GIMNASTIEK

Laerskool Gamtoos se ritmiese gimnastiek gimnaste van 2018 het weereens ‘n baie suksesvolle jaar gehad. In Junie het die volgende junior gimnaste in die Kaap aan die jaarlikse Novice Suid Sone deelgeneem en die volgende medaljes verower:
Lika Rautenbach: vlak 1: Silwer
Leané Els: vlak 1: Brons
Zintle Maseti: vlak 2: Silwer
Carli v Jaarsveld: vlak 2: Silwer
Amy Kapank: vlak 2: Brons
Hierdie 5 Junior-vlak gimnaste het ook hul Sarah Baartman Distrik-kleure verwerf.
Voorwaar ‘n pragtige prestasie waarop ek as afrigster baie trots voel.

Die gimnaste het ook aan die Ibhayi, All Starz en Patensie-uitnodigings kompetisies deelgeneem. Hier het hul ook die klub en die skool se naam elke keer hoog gehou en uitstekend gevaar.

In Augustus tydens die jaarlikse Senior Oos-Kaapse kampioenskappe verwerf die volgende gimnaste van die skool hul Oos-Kaap kleure:
Heulen Dempsey: vlak 4
Alet Bezuidenhout: vlak 5
Engela Dempsey: vlak 7
Hulle het gedurende die Oktober skoolvakansie deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Johannesburg.

Ons het ook baie nuwe gimnassies bygekry vanaf Dink en Doen. Dit is vir my verblywende nuus dat die pragtige sport groei by die skool. Daar is regtig talentvolle gimnassies onder hulle.

Nokkie Joubert

16.3 BALLET- EN DANSKLASSE

Die jaarlikse Royal Academy of Dance Ballet-eksamens het in Mei in Port Elizabeth plaasgevind. Pre-primêre dansers wat hul eerste eksamen afgelê het was, Lieschen Steffens, Lika Rautenbach en Leané Els. Die volgende dansers, Isabella Muller en Kirsten Viljoen het hul graad 3-Solo Performers-vlak afgelê. Talle dansers van die skool van 5 jaar en ouer het in April aan die Stulting Kunsfees deelgeneem aan die volgende afdelings: Ballet, Modern en Hip-Hop. Die Friendly City Dance Festival het in Augustus plaasgevind en die balletdanser, Lieschen Steffens, het 'n solo opgevoer en Silwer verower.
Die Hip-Hop dansers van 10 jaar en ouer is gevra om onlangs by Nico Malan by die Kouga Lentefees op te tree voor ‘n skare mense. Die AIDT Modern en Hip-Hop vir die studente vind plaas in November.

Carrie Nissiotis

17. KULTUREEL/ANDER

17.1 REDENAARS

Isabella Muller, Bea Verwey en Juané Oosthuizen het aan die ATKV-kompetisie in Port Elizabeth deelgeneem. Isabella Muller en Juané Oosthuizen het deurgedring na die semi-finale rondte by Hoërskool Outeniqua. Ons is baie trots op julle! Isabella behaal ‘n sewende plek.
Neëntien leerders het vanjaar aan die Radikale Redenaars deelgeneem by Victory Christian School.
Isabella Muller, Leila Scheepers, Hayley Young en Emdin Colling verteenwoordig ons skool by die streeksrondte in Oos-Londen.
Isabella Muller en Leila Scheepers sluit by Kirsten Viljoen en Louis Nel aan wat deurgedring het na die Nasionale finale kompetisie in Johannesburg.
Baie geluk aan elkeen van julle!

Yolande Wethmar

PIKKIE REDENAARS
Ons skool se interne Pikkie Redenaarskompetisie is van ‘n hoë standard. Baie geluk aan die volgende wenners.
Graad 1: Isabelle Slabbert
Graad 2: Keàn Ludwig
Graad 3 : Anine Slabbert

Die volgende leerders het in Oos-Londen aan die Oos-Kaapstreekrondte van die Radikale Redenaars gaan deelneem. Leila Scheepers, Hayley Young en Emdin Colling. Baie geluk aan Leila Scheepers en Louis Nel wat aan die finaal in Johannesburg gaan deelneem.

Elize Muller, Janè Viljoen, Alison Eekhout en Ilse Oosthuizen

17.2 DESPATCH KUNSFEES

Ons leerders het op 8 Mei deelgeneem aan die Despatch Kunsfees. Altesaam was daar 56 leerders wat die geleentheid bygewoon het en hulle het aan verskeie items deelgeneem. Die seniorkoor het ook met trots ons skool se naam hoog gehou. Die uitslae aan die verskeie items is soos volg:

- Met Lof 2
- Goud 35
- Silwer 29
- Brons 3

Kirsten Viljoen is uitgenooi na die Prestige-aand, maar kon ongelukkig nie die spoggeleentheid bywoon nie. Dankie aan juffrou Elize Muller, Retha van der Merwe en meneer Gerhard Grundling wat die sangitems behartig het, asook juffrou Jané Viljoen en juffrou Yolande Wethmar wat die voordrag items voorberei het. Die geleentheid het gewoel met Gamtooskinders en hou ons skool se naam hoog!

Sunelle Visser

17.3 MUSIEK

Dit is vir my weereens 'n vreugde en voorreg om hierdie jaar se musiek- en sangklasse aan u voor te stel. Elke Dinsdag gee ek sangklasse asook Junior- en Seniorkoor afrigting by Laerskool Gamtoosvallei vir al die kinders vanaf ouderdom 3 jaar tot en met Graad 7. Ek gee ook slagorkes vir die kinders, wat hulle baie geniet. Elke jaar berei ek ook individuele kinders voor vir die Kunsfees en hierdie jaar is die Kunsfees op Despatch gehou. Die kinders wat daar deelneem, het uitsonderlike sangtalente en ek is baie trots op elkeen. Die Senior koor het aan "Sing in Harmonie" koorkompetisie deelgeneem en alhoewel hulle nie na die volgende rondte toe deur gegaan het nie, het hulle fantasties mooi gesing. Saam met Mnr. Gerhard Grundling, geniet ons dit terdeë om die kore lekker byderwetse liedere aan te leer met bewegings.
Aan die kinders se gesigte kan ons duidelik sien dat hulle dit ook geniet.

Op 1 November hou ons 'n Musiekaand waar individuele leerlinge klavier, kitaar en ukelele gaan bespeel. Ons gaan ook van oud-skoliere en ouers gebruik om saam te kom deelneem.

Dit is vir my 'n voorreg om deel te wees van Laerskool Gamtoosvallei se kultuuronderrig.
Ek is uiters trots op elke kind en die skool.

Retha van der Merwe

17.4 KOOR

Juniorkoor

Die Junior Koor bestaan uit Graad 1 tot 3 leerders. Ons het hierdie jaar meer as 40 lede – elk met ‘n unieke stem wat bydra tot sukses van die koor. Die missie met die afrigting van die Junior Koor is om die sangtalent van leerders te ontgin en te ontwikkel. Die koor tree dikwels op by Kerssangdienste, Ouma- en Oupadae, Musiekaande en saalbyeenkomste.

Retha van der Merwe en Gerhard Grundling

Senior Koor

Die Senior Koor bestaan uit meer as 30 lede en is onder leiding van mev. Retha van der Merwe en mnr. Gerhard Grundling. Ons het hierdie jaar aan die Stulting Kunsfees deelgeneem en het ‘n goud verower. Ons het ook aan die Despatch Kunsfees deelgeneem en by die Hankey Koorfees opgetree. Ons het hierdie jaar ook besluit om reg te staan voor die kamera met die deelname aan die Sing in Harmonie kompetisie te Despatch voorbereiding. Ons poog om liedere te kies wat die kinders geniet en waarmee hulle kan assosieer. Dit was voorwaar ‘n jaar waarin elkeen van ons kan sê dat ons trots is om ‘n “Gamtoosbaadjie” te dra.

Retha van der Merwe en Gerhard Grundling

OP-Kinderkoor

Baie geluk aan Bea Verwey wat tot hierdie koor gekies is. Sy het deurlopend dié jaar aan verskeie optredes deelgeneem, onder andere: Luventus Gaude (Czech Republic) en Leuvens Meisjeskoor (Belgium). Welgedaan!

Gerhard Grundling

18. DIE VOORTREKKERS

Die Gamtoosvallei Kommando hou steeds koers! Ten spyte van almal se druk programme kom ons elke Woensdagaand om 18:00 bymekaar in die skoolsaal om ‘n nuwe generasie Moderne Afrikaners, Positiewe Burgers en Konsekwente Christene te inspireer en te kultiveer. Ons vra graag hulp van die ouers en ondersteuners en is dankbaar vir almal wat die kommando ondersteun. Elke persoon betrokke speel ‘n merkwaardige rol en ons wil graag dankie sê aan elke offisier wat baie liefde, moeite en tyd insit in hul spanne.
Ons probeer ons bes om die kinders ‘n wye verskeidenheid dinge te leer. Enige iets vanaf musiekinstrumente bespeel, vuurmaak, geskiedenis, skottelgoed was, spaar, nagmars, spanwerk, bed opmaak, beplanning, oorlewing tot goeie maniere.
Volwassenes of kinders wat graag betrokke wil raak is baie welkom en kan met ons kontak maak by patensie.voortrekkers@gmail.com! Kyk gerus na ons Faceboek blad om te sien wat ons alles by die Voortrekkers doen: ‘Gamtoosvallei Voortrekkers’
HOU KOERS!

Anmagreth van der Mewe

19. KINDERKRANS

Dank aan ons Hemelse Vader dat ons nog ‘n jaar die voorreg kon geniet deur saaiers van die Woord te wees by Laerskool Gamtoosvallei. Ons glo en weet dat God hierdie saad sal laat groei op Sy tyd.
Dank aan skoolhoof en personeel dat ons dit mag doen. Baie dankie aan al die Kinderkransleidsters en leier vir getroue bydrae en opoffering, dit word opreg waardeer.
Hierdie persone is Beaulah Verwey, Karen Lordan, Robin Nelson, Estelle Kleinhans, Anmagreth v.d. Merwe, Ilze Oosthuizen, Danika Scheepers, Retha v.d. Merwe en ek.
Tannie Martha van Kinderevangelisasie het die skool ook weer besoek en vir ons almal ‘n pragtige boodskap gebring om daagliks uit te leef.
Baie dankie aan die span wat hierdie jaar Kinderkrans, sang en lofprysing gedoen het.
Die leerders het dit baie geniet.

Geseënde Kersfees en mag 2019 net meer van krag wees !

Lenie Nel

20. JESUS-DAG

Op 10 Mei het ons Hemelvaart gevier met ‘n Jesus-dag. Die VCSV het ons kom besoek. Die graad R - 4 leerders het Jesus se kruisiging en opstandingboodskap deur middel van ‘n poppekas vertoning geniet.

Die graad 5 - 7 leerders het weer verskillende stasies gehad met praktiese en interaktiewe sessies. Die aktiwiteite is ook afgewissel deur lofprysing en sang. Ons skool is dankbaar dat ons kinders nog dié voorreg kan geniet.

Yolande Wethmar

21. ENTREPRENEURSGELDE : 2018

'n Groot dankie aan almal wat tot dusver deelgeneem het aan die entrepreneursdae in 2018. Ons gee graag vir u 'n uiteensetting hoe die verskillende grade hul geld aangewend het.

GRAAD R

- Fietse aangekoop
- Opknap van badkamers by Dink en Doen
- Nuwe naambord
- Aankoop van mat vir Nasorgklas
- Relings vir konsertklere en hangers
- Skaakbord, legkaarte en stofsuier aangekoop
- Nuwe gordyne vir Peuters-klas

GRAAD 1: In 2018 aangekoop met 2017 se geld. Entrepreneursdag eers in vierde kwartaal van 2018**.**

- Groot mat aangekoop
- Seëlaar vir vloer van klas
- Afkykbordjies
- Skryfbehoeftes, gimnastiekballe en skaakbord aangekoop.
- Handvatsels van kabinette vervang.

GRAAD 2: In 2018 aangekoop met 2017 se geld. Entrepreneursdag eers in vierde kwartaal van 2018.

- Gordyne vir klas
- Lugverkoeler betaal
- Skaakbord aangekoop

GRAAD 3

- Nuwe mat
- Drommetjies, vlaggies, gimnastiekballe en skaakbord aangekoop.
- Lugverkoeler betaal
- Afskuur van klaskamer se vloer

GRAAD 4

- Lugverkoeler betaal
- Skaakbord aangekoop

GRAAD 5

- Lugverkoeler betaal
- Skaakbord aangekoop

GRAAD 6

- Lugverkoeler betaal
- TV-skerm aangekoop wat dien as projektor
- HDMI kabel en "wall mount" vir TV-skerm
- Skaakbord aangekoop

GRAAD 7

- Lugverkoeler betaal
- Skaakbord aangekoop

22. BEDANKINGS

Dit is vir my ‘n eer en ‘n voorreg om die volgende bedankings te doen:

- Die **Departement van Onderwys**, FEDSAS en die S.A.O.U. vir u raad, bystand en leiding, veral mnr Pierre de Villiers vir sy waardevolle bydrae tot die onderwys in ons Distrik.

- Die **OOV** wat reuse werk gedoen het en sorg dat ons kinders en gaste lekker eet tydens sportbyeenkomste en funksies.

- Ons **ouers,** die **gemeenskap, instansies** en die **kerke**: U ondersteuning is van onskatbare waarde. Baie dankie!

- **Beheerliggaam**:
  Die Voorsitter, Mnr. Grewar Oosthuizen en sy span lewer uitstaande werk en stel altyd die skool, leerders en ouers eerste met besluitneming. Baie dankie.

- **Personeel**:
  Ek glo dat ons personeel een van die bestes is. Die leerders se belange kom altyd eerste. Baie dankie vir onbaatsugtige opoffering en pragtige prestasies op vele terreine.

- **Leerders**:
  Julle is voorwaar ‘n besonderse groep kinders. Kinders wat veelsydig is en op hul voete kan dink. Ons kry baie goeie terugvoer vanaf die hoërskole rakende ons Gamtooskinders. Die skool is baie trots op julle.

- **Donateurs/ Borge:**
  ‘n Spesiale woord van dank aan elke donateur en instansie wat ‘n bydrae gelewer het tot die sukses van die skool.

- **Ons Hemelse Vader**
  U seën ons skool ryklik. Ons loof en prys U vir U goedheid.